NUUSBRIEF
NEWS LETTER
van / of TUINROETE AGRI

wenakker

tuinroete agri

September 2010

Genoeg rede tot dankbaarheid

Sing to the Lord with thanksgiving; make music to our God on the harp. He covers the sky with clouds; he supplies the earth with rain and makes grass grow on the hills. He provides food for the cattle…. (Psalm 147: 7)

Ons is dankbaar vir die reën wat die afgelope paar weke in ons gebied geval het en steeds val. Alhoewel die vlakke van damme in veral die Mosselbaai- en Riversdal areas nog nie begin styg het nie, het die voginhoud van landbougrond in die grootste gedeeltes van ons streek sodanig verbeter dat heelwat weidings gedurende die laaste paar weke aangeplant kon word. Hawer is nog tot onlangs aangeplant en in enkele gevalle is koring tot einde Junie (60 Mei!) geplant. Ons bly bid en vertrou dat die Here vir ons verder uitkoms sal gee en dat damme in ons streek se watervlak sal styg.

Landbou omstandighede is steeds onder druk wat vererger word deurdat die pryse van landbouprodukte die afgelope jaar gedaal het. Ekonomiese omstandighede oor die algemeen is nog stram alhoewel daar tog areas in ons gebied is wat tekens van herstel begin toon.

The low commodity prices, the low foreign earnings from exports due to the strong exchange rate, the recent drought in the Southern and Eastern Cape and the cost price squeeze experienced by most farmers, are directly mirrored in the agri-businesses' cash flows.

Tuinroete Agri se finansiële jaar het op 30 Junie geëindig (amptelik 2 Julie 2010 as gevolg van oorskakeling na nuwe rekenaarstelsel) en die eksterne ouditeure is tans besig om die resultate te finaliseer. Gebaseer op die bestuursyfers word verwag dat die netto wins minstens 20% laer gaan wees as dié van die vorige periode. Alhoewel die resultate teleurstellend is in vergelyking met dié van vorige periodes, is daar tog genoeg rede vir dankbaarheid as die moeilike landbou- en ekonomiese omstandighede wat die afgelope finansiële jaar geheers het in ag geneem word.

We once again apologize for any inconvenience experienced during the upgrading of our computer system. We believe that this upgrade will improve our service to you, our valued clients.

Ons wil ook graag ons kliënte bedank vir hul geduld met die oorskakeling na ons nuwe rekenaarstelsel. Die oorskakelings-proses het baie goed verloop, maar daar gaan nog hakplekke oor die volgende paar maande wees. Ons vra steeds u begrip in die verband. Die uiteindelike doelwit is steeds om 'n beter diens aan u, die kliënt te lewer.

J.D. Weys - Besturende Direkteur

DROOGTEHULP 2010

Die onlangse droogtehulp is met dankbaarheid deur landbouers van die Eden- en gedeeltes van die Langkloofstreek ontvang. Tuinroete Agri het in totaal, gedurende April en Mei 2010, voere ten bedrae van R18 miljoen aan kwalifiserende landbouers gelewer. Tuinroete Agri (TRA) het ook aan 32 opkomende landbouers voere in terme van die skema verskaf. Alle landbouers is sover moontlik bygestaan en tegemoet gekom om maksimum voordele uit die Skema te verkry. Ons wil weereens die Departement van Landbou en veral die Riversdal en George kantore bedank vir hulp in die verband

DROUGHT RELIEF 2010

The recent, much needed drought relief was well utilized by farmers in the Eden- and sections of the Langkloof regions. TRA supplied animal feeds to the value of R18 million to qualifying farmers during April and May 2010. 32 upcoming farmers were also able to acquire animal feeds through this scheme. TRA tried its utmost to assist farmers in any way possible, thus ensuring maximum benefit to all. We herewith again wish to express express our gratitude to the Department of Agriculture, especially the Riversdale and George offices, for assistance rendered in this regard.

Tuinroete Agri is proud to be associated with Gondwana- and Botlierskop Private Game Reserve.

GONDWANA GAME RESERVE
HERBERTSDALE/MOSSEL BAY

Past. Present. Perfect.

Gondwana Game reserve boasting 11,000 hectares of Fynbos as well as the Big 5 are sure to stir all 5 your senses. The Khoi San inspired luxury Kwena huts or private bush villas will exceed all your expectations.

Contact them at 044 697 7002 for private bookings, weddings, conferences or any other requirement that they will gladly meet.

The best words to describe the Gondwana experience are: restore, indulge, enrich….

www.gondwanagamereserve.com

BOTLIERSKOP PRIVATE GAME RESERVE
MOSSEL BAY/GEORGE

Where heaven meets earth

Set in the foothills of the Outeniqua Mountains, the world renowned Botlierskop Private Game Reserve boasts 3000 hectares, 26 species of animals, including the rare black Impala and a wide variety of birds including the seldom spotted Knysna loerie. Its name derives from the rock formation on the farm which resembles a person on the look out for ships approaching the busy Mossel Bay harbour in the olden days.

The 15 luxurious tented suites overlook the Moordkuil River. Activities include horseback safaris, elephant back rides, picnics with the elephants as guests, helicopter flights, to name but a few. Wedding and conference facilities will please every discerning guest. Once you have visited Botlierskop you will return again and again.

Contact them at 044 696 6055 / www.botlierskop.co.za

ADVERTENSIE

TERASON

Terason - Dié onmisbare vennoot in die waardeketting

Terason is 'n belangrike rolspeler in die Suid-Afrikaanse landboubedryf as verskaffer van gewasoplossings in die waardeketting. Terason speel 'n groot rol om die volhoubaarheid van die produsent te help optimaliseer, met behulp van sy netwerk van gewasoplossings-deskundiges, asook die ondersteuningsnetwerk wat hulle bystaan .

Terason fokus sy waarde-aanbod op optimale gewasverbouing ten opsigte van beide kwaliteit en kwantiteit per eenheidsoppervlakte. Dit word bereik deur die verskaffing van oplossings, gebaseer op produkte en dienste.

Terason het die moed gehad om te begin, die resultate van gewaardeerde kliënte spreek vanself. Daarom het Terason ook die moed om voort te gaan en suksesvol die produsent in moeilike tye te help om volhoubaar optimaal te produseer.

Terason is dan ook trots om met Tuinroete-Agri geassosieer te word, ook as voorkeur-verskaffer aan dié landbou-besigheid se lede.

Intervet
Schering-Plough Animal Health

NUUS UIT DIE GRAANAFDELINGS

OPBERGINGSGERIEWE BY TUINROETE AGRI

Alle Tuinroete Agri graanafdelings, Riversdal, Albertinia, Kleinberg en Herold gaan weereens hierdie komende oesjaar hul persele inrig en beskikbaar stel vir die opberging van u voergrane en terughousaad. Alle grane word in massasakke gestoor, met u naam, die produk, asook die massa van elke sak wat op 'n kaartjie aan die sak, aangebring word. U is dus verseker dat u ten alle tye u eie produk weer terug kry. Ons stoor ook voergrane in losmaat in ons silos, maar alle kliënte se grane soos bv. hawer word in een buis gestort. Ons kan dus ongelukkig nie u eie produk aan u teruggee nie. Onthou egter dat die produk kwaliteit en massa gelewer gewaarborg word.

Ons versoek u vriendelik om so spoedig moontlik u opbergings behoefte met u silobestuurder te bespreek en sodoende betyds u naam op die opbergingslys te plaas.

TUINROETE AGRI SAADSKEMA

Neem asseblief kennis dat Tuinroete Agri nie verder in die vermeerdering van koringsaad betrokke gaan wees nie. Ons gaan dus in die toekoms alleenlik vir produsente hul eie saad en voergrane verwerk. Geliewe u saadskoonmaak behoefte so spoedig moontlik by u naaste silobestuurder te bespreek. Hierdie inligting moet op die laatste 30 November bespreek wees, aangesien die prys bepaling van die dipstowwe ook bepaal word m.b.t die hoeveelheid aankope.

Tuinroete Agri sal ook nog steeds u gewone saadbestelling hanteer. Dit is noodsaaklik dat ons teen 10 Desember u voltooide saadbestellingsvorm moet terugontvang om sodoende die totale bestellings teen 15 Desember aan ons verskaffer te kan voorsien. Met laat bestellings kan die beskikbaarheid ongelukkig nie gewaarborg word nie. Saadpryse sal markverwant wees en vergelykbaar met ander saadverwerkers in ons streek.

VOERGRAAN BEMARKING

Tuinroete Agri graanafdeling wil graag u voergraan produkte bemark. Kontak u silobestuurder indien u voergraan produkte te koop wil aanbied.

Mike Uys

Boetie Le Roux Eiendomme
Mosselbaai

Tel: 044 - 691 2719
Faks: 044 - 691 2739
Epos: boetie@intellect.co.za
Webwerf: www.mosselbay-properties.co.za

Agente:
Boetie: 083 250 7136
Neels: 082 550 9119
Ters: 083 306 2063
Hannes: 072 063 8000
Naomi: 082 560 3531
Hennie: 084 850 5836

MOSSELBAAI - R 1 895m

Geprys om te verkoop
Gesogte skool area. 4 Slpk, 2 bdk, 2 m/h. Braaikamer en Swembad.
Naomi: 082 560 3531

MOSSELBAAI - R 2.45m

Wow! Seefront
Luuks. 3 Slpk, 2 Bdk, Ruim leefarea, moderne kombuis. Toesluit m/h. Kaggelbraai.
Naomi: 082 560 3531

HARTENBOS - R 1.585m

Trek net in!
Baie nejies. 3 slpk, 2 bdk, 2 M/h Siersteenhuis. Die moeite werd om te besigtig.
Naomi: 082 560 3531

FRAAI UITSIG - R 890 000

'n Ware sluit-en-uit!
Lae onderhoud meenthuis in gesellige klein kompleks. 3 slpk, 2bdk, 2 m/h.
Naomi: 082 560 3531

HEIDERAND - R 1 050m

Sekuriteits Oord
BLOMBOS. 3 slpk, 2 bdk, 2 m/h. Lae onderhoud. Weggee Prys!
Neels: 082 550 9119

MOSSELBAAI - R 2 650m

La Palma op die see!
3 slpk, 3 bdk, Dubbel m/h, Oopplan kombuis. Braai - vertrek. Sekuriteit.
Neels: 082 550 9119

AFTREEOORD
MOSSELBAAI
'n Projek in samewerking met die ACVV

42 eenhede (10 reeds verkoop).
SPESIALE AANBOD: Volgende 10 eenhede te koop teen R699 000 (alle kostes ingesluit).
Pryse word hierna opwaarts aangepas!
Wat koop u? **Lewensreg, sekuriteit, gemoedsrus.**
- 2 slaapkamers, 'n volledige badkamer. Leefarea. Toesluitmotorhuis (± 100 m²).
- Addisionele kamerdienste - etes, was en stryk, tuisverpleging, ens. - teen minimale koste.
- Sorgeenheidgerief onder toesig en beheer van ACVV.
- Voorkeurplasing in Alzheimerskliniek en ACVV-aftreeoorde.

N2 INDUSTRIELE ERWE

SPESIALE AANBIEDING OP 12 ERWE

Vanaf slegs R 295 000 tot R 350 000 + BTW

Vanaf R 100/m² tot R 300/m².

Hierdie is 'n **GOEIE BELEGGING**

Ons spesialiteit is die verkoop van PLASE, HUISE, WOONSTELLE, ERWE, NYWERHEDE en BESIGHEDE. Ons deurlopende ondervinding strek sedert 1972 en is ons bekend met die Karoo, Klein Karoo, Langkloof

MOSSELBAAI - R 5.2m

Droomhuis! Onthaalhuis
4 Slpk,4 bdk,Luukse kombuis, Gimnasium & sauna. Wyn kelder. Swembad, Koi-pond.
Neels: 082 550 9119

MOSSELBAAI - R 740 000

Alle kostes ingesluit!
Luukse 2 slpk, 2 bdk woonstel.kuier balkon met braai, ongerepte baai-sig.
Naomi: 082 560 3531

HARTENBOS R 645 000

Weggee Prys!
2 Slpk, 1 Bdk, Braaistoep Toesluit m/h. Sekuriteit Loopafstand van winkels.
Boetie: 083 250 7136

Winskope Erwe!

ISLANDVIEW - R 280 000
832vkm geskik vir Duette.

ISLANDVIEW - R 270 000
777vkm. Op 'n hoek.

AVONDANS - R 370 000
Sekuriteit. See uitsig.

Boetie: 083 250 7136

DANABAAI - R 865 000

2 Slaapkamer, 1 badkamer Groot kombuis. 1 Motorhuis.
Baie goeie koop!
HENNIE: 084 580 5836

KLEINHOEWE-R 1.5m +BTW

Aalwyndal 8 Hektaar
Mun. krag & water.Gelyk. Pragtige berguitsig. 10km vanaf Mosselbaai sakekern.
Hannes: 072 063 800

GEBED

Ons het baie positiewe terugvoer gekry oor ons vorige voorblad en die Gebed van Dr Paul Lubbinge.

Chris Serfontein skryf as volg (verkort):

Gebed Van 'n Stoere Boer

Ons Vader
U weet dat verlede maand se gebed nog in my hart weerklink
Want U sien Here dit is my persoonlike ervaring in woorde omskep:
"Help ons Here, ons wil U loof"
Hier waar ek hoog teen die randjie sit en afkyk op die plaas;
is ek nader aan U.
Ek ken diere.
Baie dankie vir die wonderlike reën.
Om U naams ontwil
Amen

Tuinroete Agri skenk jaarliks beurse ter waarde van R1000 elk aan 10 skole in die TRA streek.

Dina Berry (TRA, Albertinia) en Mnr Dennis Karelse (Hoof van Hoërskool Albertinia).

Skoolhoof van Gerrit Du Plessis Mnr. Richard Floris, die graad 12 leerling Jesmine Claassen en Barry Engelbrecht van Tuinroete Agri.

Mnr Chris Bresler, Takbestuurder van TRA Uniondale by Mnr Nicol Myburgh, skoolhoof van die Uniondale Hoërskool.

Hier is Mnr Frans Smith, Takbestuurder van TRA Plett. by Jean Jacques Meswatie, Denerick Plaatjies en Mnr Selwyn Bowers, skoolhoof van Sekondêre Skool Plettenbergbaai.

Mnr Johan le Roux en Annelie van Wyk van Tuinroete Agri oorhandig 'n donasie van R1000 aan Mnr Karools Hauptfleisch en leerlinge van Carpe Diem.

Isabel Geldenhuys van Tuinroete Agri oorhandig 'n beurs van R1000 aan Mev C Briesies, skoolhoof van Hoërskool Sao Bras in Mosselbaai.

Mnr Hannes Coetzee (Takbestuurder TRA Twee Riviere by Giecadouw Hendricks en Mnr. Gavin Wilmot (Waarnemende hoof van Hoërskool Mc Lachlan)

Ons mense presteer:

Louis Oosthuizen seun van Piet en Minnie Oosthuizen van Albertinia:
Wenner van die Britse Gholf Ope.

Jantjie Jonker van Jakkalsvlei, Herbertsdale:
Derde plek in Jong-boer van die Jaar kompetisie.

Dulux winner of the best SoccerPromotion display in Western Cape:
TRA George

AANDELE & VERHANDELINGS

Daar is tans 'n oor aanbod van 1289 522 aandele in die mark teen 'n gemiddelde prys van R 2.939 per aandeel. Skakel gerus vir Louis Fivaz 044 601 1200 vir meer besonderhede.

Reënval- en landboutoestande vir 2010/2011 in oënskou

Deur Johan van den Berg van Santam Landbou, Bloemfontein

Na 'n periode van meer as 'n jaar sonder veel reën het die lankverwagte reën begin voorkom vanaf Junie vanjaar. Twee baie sterk frontale stelsels in middel Junie en middel Julie het veroorsaak dat baie swaar sneeu ook voorgekom het en die Outeniekwas het van die swaarste sneeuneerslae in baie jare gekry. Groot gedeeltes van die droogte geteisterde Langkloof was ook bedek met 'n sneeulaag. Alhoewel opvolgreën wel voorgekom het was dit nog steeds te min om voldoende afloop te veroorsaak om damvlakke noemenswaardig te laat styg. Die Tuinroetedam se inhoud het darem redelik gestyg, maar die Wolwedansdam se vlak bly nog steeds kritiek laag.

Alles in aggenome het landboutoestande gelukkig heelwat verbeter. Aangeplante weidings het weer begin produseer na die deurdringende reën. Met mielieboere in die Somerreënvalgebied wat die derde agtereenvolgende jaar 'n mielie-oes van meer as 12 miljoen ton geproduseer het, is pryse van voergrane ook relatief laag en veral suiwelboere in die Suid- en Ooskaap vind baat daarby alhoewel die koste van vervoer 'n groot kostefaktor bly. Kleinveeboere in die Albertinia- en Riversdal-omgewings is veral swaar getref deur die droogte en indien weidings kan herstel en vee kan begin produseer, kan hulle nog die huidige en verwagte goeie vleis- en wolpryse benut.

Die vraag is egter wat van die seisoen vorentoe en is die droogte nou verby?

La Nina

Alhoewel daar baie faktore is wat die klimaat en die weer oor die wêreld en veral ook in Suidelike Afrika bepaal, bly die effek wat die sogenaamde ENSO-verskynsel op weerspatrone het, belangrik. In die 2009/10-somerseisoen het 'n El Nino-verskynsel geheers (warmer as normale see-oppervlaktemperature in die Stille Oseaan). Alhoewel droogtetoestande voorspel was vir die grootste gedeelte van die Somerreënvalgebied, het slegs die Ooskaap en gedeeltes van die Suidkaap baie swak reënval gekry.

Sedert ongeveer April vanjaar het die El Nino-verskynsel omgeswaai na 'n La Nina-fase (koeler as normale temperature in die sentrale Stille Oseaan) en teen die einde van Julie 2010 was die belangrike Nino3.4-gebied reeds ongeveer 1°C koeler as normaal. Dit verteenwoordig alreeds 'n swak tot matige La Nina-verskynsel en voorspellings dui dat die huidige La Nina-verskynsel sal voortduur tot ten minste die herfs van 2011.

Wat is die implikasies van 'n La Nina-verskynsel?

- Dit kan verantwoordelik wees vir ondergemiddelde reënval in die sentrale tot noordwestelike gedeeltes van die VSA se mieliegordel in die periode rondom Augustus. Dit kan skade aan die oes veroorsaak omdat die mielies in Augustus nog in die blom tot deegstadiums is waar dit baie gevoelig is vir droogtestremming. Mielieprys kan dalk wêreldwyd en ook in Suid-Afrika effens styg in die volgende paar maande.
- Baie nat toestande en oorstromings wat in Indië, China, Indonesië en die Filipyne kan voorkom.
- In Suid-Afrika kan dit veroorsaak dat goeie reën oor die Somerreënvalgebied kan voorkom vanaf ongeveer Oktober 2010. Aangesien La Nina-toestande dikwels geassosieer is met baie sterk somerreënvalstelsels wat vog oor Angola en Namibië suidwaarts laat beweeg en dan suidooswaarts die land oor die Suid- en Ooskusgebiede verlaat, is die kanse goed dat redelike goeie somerreenval ook redelik ver suid en suidoos kan voorkom. Dus is dit moontlik dat die Suid- en veral die Ooskusgebiede vanjaar baie goeie somerreënval kan kry.
- Die Weskaap kry gewoonlik ondergemiddelde reënval tydens 'n La Nina-verskynsel en veral die herfseisoen van 2011 (April/Mei) kan swakker reën ontvang.

Seine vir Landbou

- Die afgelope seisoen se uitbraak van Slenkdalkoors het veroorsaak dat die lammer- en kalweroes kleiner as gewoonlik is. Dit kan veroorsaak dat vleispryse nog kan styg in die komende maande.
- Met die groot wêreldvoorraad van grane is die kanse dat graanpryse dramaties gaan styg in die volgende jaar, nie goed nie. Dit kan egter voordelig wees vir vee- en suiwelboere wat afhanklik is van graan vir voeding.



KALAHARI VERFDIENSTE

Tuinroete Agri is trots op ons jarelange verbintenis met KALAHARI VERFDIENSTE in Mosselbaai. Klasie, Danie en Johan Schoeman het saam 41 jaar ondervinding in die verfbedryf en is passievol oor hul produk. Die Schoemans skryf hul sukses toe aan persoonlike toesig, sleutelpersoneel en kwaliteit Dulux produkte. Projekte suksesvol afgehandel sluit in Alikreukel- en La Palma Villas woonstelle, Fonteine Park Aftree-oord, Hartenbos landgoed en Pinnacle Point eiendomme.

Kontak hulle gerus by: 082 924 4422; 082 9222536; 082 9269382
of e-pos: dn.schoeman@gmail.com

MARKÖTTERDAG OP UNIONDALE!

Ek het die Uniondalers al leer ken as mense wat die kuns om te kuier vervolmaak het. Hulle kuier op Valentine's dag wanneer hulle by lang tafels die hoofstraat volsit. Hulle kuier voor, tydens en na die "Karoo to Coast" (hierdie jaar op 19 September), wanneer hulle vir 1500 fietsryers pasta voorsit. Hulle kuier wanneer dit skoutyd is en met gholfdae, kortom enige verskoning is goed genoeg om 'n kuier te regverdig (My bronne vertel my dat selfs die vergaderings ter voorbereiding van feeste in groot kuiers ontaard).

Plaaslike spelers in aksie

Dit is om dié rede dat Markötterdag eintlik na my beskeie mening nie die regte benaming is nie, want op 23 en 24 Julie het die Uniondalers vir 48 uur aanmekaar groot MAKIETIE gehou. Veral die oud Uniondalers wat hierdie naweek jaarliks reünie hou, haal nou nog verlore slaap in.

Hierdie jaar was die afskop op Vrydag 23 Julie met 'n Kaas-en-wyn-en-veiling in die Stadsaal waartydens die afslaer, Gerrit Hough, mense geld laat belowe het wat hulle nog moet verdien. John Smit se Springbokoefentrui het R3600 gehaal en almal het tot laatnag saam met Jan Boland Coetzee gekuier en oor die ou dae gesels – toe ons nog rugby oor die draadloos geluister het.

MacLachan te Joubertina

Saterdag was 'n vol dag met rugby-en netbalwedstryde wat die gemoedere opgejaag het. In die hoofwedstryd van die dag het die rugbyspan van NMMU se George kampus die APL uitnodingspan geklop. Hierna het die braaivleisvure en reuk van Karoo "steaks" 'n volgende kuier ingelyf.

Die Markötterstigting is 23 jaar gelede gestig en hou sedertdien jaarliks 'n fondsinsamelingsprojek waarvan Hoërskool Uniondale die grootste begunstigde is. Die Stigting is ter nagedagtenis aan AF Markötter wat in 1878 in Haarlem gebore is en in Uniondale skoolgegaan het. "Mr Mark" was die mentor van dr. Danie Craven en saam het hulle Coetzenburg te Stellenbosch as huishoudelike naam in rugby gevestig. Maak gerus volgende jaar 'n draai in Uniondale tydens dié naweek. Ek verseker jou dat jy altyd weer gaan terugkom vir jou eie persoonlike reünie met die Uniondalers !

Annelie Van Wyk

ENTREPRENEURS SINCE THE ICE AGE!

"In 1917, a naturalist, Clarence Birdseye (his real name!) was sent to Labrador to conduct a wild life survey. While he was there, Birdseye observed that the Eskimos preserved food like fish and meat by hanging them out to air-dry in the sub-zero temperatures.

With this as his inspiration, on his return to the United States, Birdseye was determined to find a way to artificially freeze foods in order to preserve them. He originally bought a fan, and with ice and salt water experimented with freezing fresh produce. In 1921 he was granted a patent for a quick freezing mechanical device.

Birdseye's process was built around the speed at which fresh foods were frozen. He realised that if he speeds up the freezing process the possibility for large crystals of ice forming in the cells of the food was diminished. He determined that it is only when these crystals burst that frozen food loses its taste. In 1923 Birdseye formed his own food processing company. However in 1929 he got "cold feet" and sold his processing ideas to the Postum Cereal Company for over $20 million. ANY ENTERPRENEURS IN OUR REGION?

KUIER BY NEIL EN HÉLÉNE ROBERTSON VERDRYF DIE WINTERKOUE

Dit is 'n goeie dag vir die Suid Kaap op 15 Julie 2010 toe ek Neil en Héléne Robertson op Uitkyk in die distrik Jonkersberg besoek. Dit het die heelnag gereën en in die plasse water op die grondpad drup die water nog eenstryk deur.

Neil en Héléne is by uitstek mens-mense, met 'n gasvryheid wat hulle huis warm maak op 'n koue wintersoggend. So drink ons tee en eet later sop en brood sonder om een oomblik op te hou praat oor toeka se dae, die sokker, rugby, Bakkies Botha en keer op keer weer oor die wonder van die reën wat buite val.

Neil is gebore op 13 Oktober 1925 en het as heelagter vir SWD uitgedraf. Dit was hoeka toe SWD teen Griekwas op Kimberley gespeel het dat die romanse begin blom het. Héléne onthou dat sy goeie maniere haar hart gesteel het. “Hy was nog altyd 'n gentleman”.

Dié "gentleman" ry steeds op 85 jaar elke aand "quadbike" om te gaan kyk of sy "girls" (Jerseykoeie) nie dalk gekalf het nie. Ook Héléne se hande staan vir niks verkeerd nie en sy kon deur die jare maklik die fort op die plaas hou wanneer Neil weg was.

Neil se oupagrootjie, Alfred George Robertson, was met 'n nooi Groenewald getroud wat 8 seuns en 1 dogter in die wêreld gebring het. Die plaas Uitkyk behoort geslagte lank aan die Robertsons en 'n kuiergas kan sien dat mens en dier daar gelukkig is. Hulle seun Ricus (tans die onder-Voorsitter van die TRA raad) en sy gesin woon 'n klipgooi van hulle af.

Die verbintenis tussen Tuinroete Agri en Neil Robertson strek ver terug. Na sy pa, Francis Henry Robertson se uittrede, was hy 31 jaar vanaf 1963 tot 1994 Direkteur, waarvan 7 jaar Voorsitter, van die ou SWLK (Suidwestelikedistrikte Landbou Kooperasie) Raad.

Met my vertrek soengroet ek hulle, want na die kuier voel hulle soos bloedfamilie. Voorwaar mense met 'n lewensvreugde wat ouerword soos kinderspeletjies laat lyk.

Annelie van Wyk

Mnr Jacques Coetzer (Takbestuurder Riversdal) oorhandig die NQF sertifikaat vir die Agri Trade Processes Leerlingskap aan Peter-John Hofman.

Dié groep het die Module 1 Pomp- en Tuinbe-sproeiingskursus te Avontuur voltooi. Toets gerus hulle tegniese kennis!

Die Mosselbaai Tuinbouklub tydens ‘n onlangse kuier by TRA

TUINROETE AGRI UNIONDALE OP 11 JUNIE 2010



TUINROETE AGRI AVONTUUR: 11 JUNIE 2010

TROTS TUINROETE AGRI MOSSELBAAI

EXTREME CHALLENGE, ALBERTINIA, SATERDAG 17 MEI 2010

Redaksie: Annelie van Wyk / Tel. 044-601-1200 / avwyk@tagri.co.za

Renaissance Design & Print 044 691 3764